

# ’n Kind is vir ons gebore - Kerstyd

Kerstyd is een van die hoogtepunte van die kerklike jaar. Dan vier ons die geboorte van Jesus, die koms van ons Verlosser, die menswording van God.

In Suid-Afrika val Kersfees in die hart van die somervakansie, wanneer baie mense met vakansie is. Omdat baie van gemeentes se lidmate dan weg is, loop hulle dan die gemeente se groot gesamentlike viering van Kersfees op Kersdag mis. Daarom het dit gebruik geword dat gemeentes ook ’n groot gesamentlike Kersviering hou voor die skoolvakansie begin. Dit neem dikwels die vorm aan van ’n Kerssangdiens.

Dié viering word baie keer gehou nog voordat Advent aanbreek. En dit is goed so, al volg dit nie die gebruiklike ritme van die kerklike jaar nie. Die kerklike jaar is immers nie ’n dwangbuis nie, maar ’n hulpmiddel.

Wanneer die vakansie aanbreek, kan ons egter weer by die ritme van die kerklike jaar inval - of dit nou net as gesin by die vakansiebestemming is, en of dit in die eie gemeente is as jy met Jan Tuisbly se karretjie ry.

In ons tradisie het die viering van Kersfees in baie opsigte ’n viering van Kersdag geword, en dit begin dan sommer op Oukersaand al. In die ou kerklike tradisie is daar egter twaalf dae opsy gesit vir Kerstyd. Dit begin op 25 Desember en dit duur tot 5 Januarie, die dag voordat die volgende seisoen, Epifanie, aanbreek.

Die oorsprong van die twaalf dae lê blykbaar in ’n ou kerklike opvatting dat die wyse manne twaalf dae na Jesus se geboorte hulle opwagting gemaak het. Deur die loop

van die eeue is die twaalf dae op verskeie maniere ingeklee. Ons stel voor dat die twaalf dae gebruik word om die ryk betekenis van Jesus se koms te herdenk. Daar is immers gans te veel om op Kersdag alleen aan alles aandag te gee.

’n Mens kan dit op jou eie doen, of as gesin, of dalk in gemeenteverband. Gemeenteleiers sou byvoorbeeld op die twaalf dae van Kerstyd telkens ’n korter of langer boodskap na lidmate toe kon stuur op een van die groot verskeidenheid van maniere wat die tegnologie bied.

Daar is meer aspekte van die Kersgebeure wat ’n mens kan uitsonder, maar vir die twaalf dae van Kerstyd stel ons die volgende twaalf temas voor.

1. Dit is **God self** wat met Kersfees na ons toe kom. (Johannes 1, Filippense 2)
2. Hy kom in die vorm van **menslike babatjie**. Daarmee word God een van ons.
3. Dink aan Jesus se **selfopofferende gesindheid**. In Filippense 2 word dit so beskryf: “Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van ’n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.
4. Jesus is **God se geskenk** aan mense omdat Hy mense liefhet. (Johannes 3:16)
5. Deur hierdie geskenk gee God vir ons **lewe**. Dit is oorvloedige lewe nou (Johannes 10:10) en lewe saam met God ná die dood (Johannes 3:16). Hy bring lewe vir mense, maar ook vir die wêreld, die kosmos.
6. In die geslagsregisters van Jesus (Matteus 1:1-17, Lukas:23-38) sien ons dat sy koms die hoogtepunt is van God se liefdevolle trou wat Hy oor geslagte aan sy mense bewys het - en dit sluit **alle mense** in. Daarom is daar die name van vroue in die geslagsregister opgeneem en word daar na koning Dawid se verhouding met Uria se vrou verwys - en word Dawid ondanks hierdie sonde ingesluit in Jesus se geslagsregister.
7. God gebruik **gewone mense** om Jesus se koms mooontlik te maak - Maria, ’n jong beskinderde meisie, en Josef, ’n handearbeider. Daarom sing Maria ’n loflied oor God wat omsien na geringes en behoeftiges, en hoogmoediges en magtiges afbring aarde toe. Die eerste mense aan wie die engel die boodskap van die geboorte bring, is ook onbeduidende mense: skaapwagters.
8. Die **Engele** sing ’n lied oor God se grootheid en die vrede wat Hy bring uit liefde vir mense.
9. Jesus word dadelik ’n **hawelose**. Daar is nie plek in die herberg nie, en hy word tussen die diere gebore.

10. **Die wyses** van hulle tyd herken en erken Jesus as ’n koning. Daarom bring hulle geskenke wat om vereer.
11. Jesus word ’n **vlugteling** wanneer sy ouers met hom na Egipte toe uitwyk om Herodes se moordtog te ontsnap.
12. Dink na oor die **kontrasterende aspekte** van Jesus wat uit die geboorteverhale blyk. Aan die een kant is Hy ’n weerlose, ’n hawelose en ’n vlugteling. Aan die ander kant is Hy die koning wat deur die wyses vereer word, en die geskenk van God waaroor die engele sing.